Anne Pienaar Gedenk (VGK) Primêr

Posbus 225
Malmesbury
7300

Tel/Faks: 022-482 2051
e-pos adres: admin@annepienaarps.wcape.school.za

Toelatingsbeleid

1. Daar sal nie op grond van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstatus, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte teen ‘n leerder gediskrimineer word by toelating tot die skool nie.

2. Die beheerliggaam sal ‘n leerder tot die skool toelaat selfs wanneer:

   - Die leerder se ouer nie die skoolgeld betaal het of kan betaal nie.
   - Die leerder se ouer nie met die skool se doelstellings saamstem nie.
   - Die leerder se ouer weier om ‘n kontrak te sluit of te teken ingevolge waarvan hy of sy afstand doen van enige eis vir skadevergoeding wat uit die opvoeding van die leerder voortspruit.

3. Geen toelatingstoetse word vereis of afgeneem om te bepaal of ‘n leerder tot die skool toegelaat word of nie.

4. Plasing van leerders met spesiale behoeftes sal geskied nadat die regte en wense van die ouer deur die skoolhoof en die departementshoof in ag geneem is.

5. Wanneer ‘n leerder wat ‘n kriminele rekord het, aansoek doen om toelating tot die skool sal gekyk word na die aard van sy oortreding, of hy ‘n gevaar inhou vir sy onderwysers en die leerders van die skool en of hy 16 jaar oud is en nie behoorlike vordering gemaak het nie sal aangeraai word om hom/haar liefs by ‘n Volwasse Onderrigsentrum (Abet) in te skryf.

6. Ouers moet aangemoedig word om aansoek te doen vir toelating van hulle kinders voor die einde van die volgende skooljaar.

7. Eerste toelating (Graad 1): ‘n Leerder moet ses jaar oud wees voordat hy/sy tot die skool toegelaat sal word. Hy/sy moet dus ses (6) jaar oud wees op die 31ste Desember.

8. Die ouer moet ‘n toelatingsvorm tot die skool voltooi en sodanige vorm sal deur die skoolhoof/persoon in beheer op daardie gegewe oomblik van die skool aan die ouer/voog beskikbaar gestel word en sal aan die ouer/voog enige hulp verleen wat hulle mag benodig met die voltooiing van sodanige vorm.

9. Dokumente wat die aansoek moet vergesel:

- Leerder se geboortesertifikaat/identiteitsdokument.
- Skriftelike bewys dat die leerder ingeënt is teen die volgende siektes: polio, masels, tuberkulose, witseerkeel, tetanus en hepatitis B.

Indien enige van die dokumente nie die aansoek vergesel nie, kan die leerder voorlopig toegelaat word, maar die onus rus op die skoolhoof om toe te sein dat die nodige dokumente voorgelê word voor die einde van die kwartaal van toelating.

10. Oorplasing van een skool na ‘n ander:

Die volgende dokumente moet volledig beskikbaar wees:

- ‘n Aansoekvorm om toelating (vorm WKOD 006).
- Die leerder se geboortesertifikaat of identiteitsdokument.
- ‘n Vertrekkaart.
- ‘n Rapport van die hoogste graad wat die leerder by die skool wat hy/sy verlaat, geslaag het.
- ‘n Kummulatiewe verslagkaart.

10. Leerders wat reeds oor ouderdom is vir Graad 7 sal aangeraai word om die naaste Volwasse Onderrigsentrum by te woon en sal dus nie her-toegelaat word tot die skool nie.

Geteken:

Me. A. Abrahams
Voorsitter: Beheerliggaam

Datum: